

IS JY OOK 'N TYD-SLAGOFFER?

(deur Milanie Vosloo soos geskryf vir E-Kerk)

Doen wat jy moet doen, en bly getrou aan die Here. Wees elke oomblik bly dat jy die Here ken. Hy sal sorg dat jy kry wat jy wil hê.
Psalm 37:4

Ons leef in 'n horlosie-gedreve-wêreld. Keer op keer betrap ek myself dat ek wéér op my horlosie kyk, te vinnig bestuur, te min tyd het vir belangrike goed en daarom heeltyd gejaagd voel.

Wanneer ek 'n tydjie vir stilword het of 'n paar minute van "niksdoen" my beskore is, wonder ek skuldig wat ek eintlik nou in hierdie paar minute kon doen. Dit beteken eenvoudig dat ek toegelaat het dat tyd my baas is. **Ek is 'n slagoffer van 'n té-vinnige-bestaanwêreld. Daarom kom ek nie by die werklik belangrike dinge uit nie en voel ek dikwels onvervuld.**

Voel jy ook soms so? **Kom ons kies, sommer nou hier in die begin van 2010,** téén hierdie té veel inskrywings op ons dagboeklewe sodat ons tyd het vir gewone ménsweesdinge: **vir tye waarin ons sommer net by ons Vader se voete kan sit, vir tyd om werklik na ons liefhê-mense te luister en vir tyd om dié dinge te doen wat ons harte en siele verryk.**

Kom ons leef vandag binne die normale spoedgrens van die lewe sodat ons weer kan ervaar wat dit is om wérklik te léef!

Bid dat die Vader aan jou die regte ritme vir die lewe sal leer. Dié ritme waarin jy teen die regte spoed leef en vrede ervaar omdat jy weet dat Hy in beheer is.



Gebed

Here, verminder my leefspoed sodat ek die perfekte balans sal vind en U sal verheerlik in die manier waarop, en tempo waarteen ek leef.

Amen



Maandblad

Januarie 2010

2010 - Christus 1ste !



God omsluit jou aan alle kante

Julle hoef nie haastig pad te gee nie, julle hoef nie soos vlugtelinge te vertrek nie: Die Here gaan voor julle uit, die God van Israel kom agter julle aan (Jes 52:12)

Vir sy volk wat in in ballingskap weggevoer is, het God by monde van an die profeet Jesaja 'n boodskap van hoop. Die God wat hulle aanbid, is 'n God wat wonders doen. Hy sal vir hulle uitkoms bring en Hy sal Jerusalem verlos. Hy self sal sorg dat hulle na hulle land toe kan terugkeer. Hulle mag hulle maar gereed maak om uit Babel terug te keer huis toe. En hierdie terugkoms hoef nie oorhaastig te geskied nie. God gee vir hulle 'n pragtige belofte: Hulle hoef nie soos vlugtelinge haastig te vertrek nie, want Hy self sal voor hulle uitgaan, Hy self sal sal agter hulle aankom – net soos Hy dit vir sy volk, die Israeliete, gedoen het toe hulle deur die woestyn gereis het. Hulle God sal hulle met sy beskermende teenwoordigheid omsluit, sodat hulle ook in gevartye veilig sal wees.

God se kinders het vandag nog die versekering dat God voor hulle uit gaan. *U omsluit my van alle kante, U neem my in besit,* getuig die psalmdigter in Psalm 139:5. Jy wat aan God behoort, hierdie belofte is ook aan jú gerig.

In die nuwe jaar wat nou voor jou uitgestrek lê, mag jy maar vreesloos leef in hierdie wêreld vol gevare, omdat jou God rondom jou is. Omdat Hy beloof om jou altyd te lei en te beskerm, waar jy ook al mag gaan. Wanneer jy dus hierdie nuwe jaar aanpak, doen dit met geloof in God en maak gerede vir 'n ongelooflike reis van opwinding, uitdagings en bowenal, vervulling van God!

Plaas dus Christus eerste in alle terreine van jou lewe gedurende hierdie nuwe jaar en vra voortdurend na sy wil.

ONTHOU-DATUMS

- ✖ 13 Januarie: Skole open
- ✖ 17 Januarie: Kleuterkerk, Kategese & Jeugdienste begin weer
- ✖ 24 Januarie: Gemeente-tee (na erediens)
- ✖ 24 Januarie @ 12h00: Aksie-plus
- ✖ 31 Januarie @ 17h30: Coram Deo diens (stil, gewyde diens)

Onthou!

Nuwejaarsgebed....

Vader van my ure en my dae, dis die begin van nog 'n nuwe jaar. Alhoewel ek nie weet wat in hierdie jaar vir my wag nie, is ek tog opgewonde oor die nuwe uitdagings.

Help my asseblief om elke kans te benut, om vanjaar voluit en met vreugde te lewe en om niks vir mōre te los, wat ek vandag kan doen nie.

Gee dat dit vir my 'n omgee-jaar sal wees waarin ek die mense om my sal raaksien, en bereid sal wees om my hart en hande vir hulle oop te maak.

Dankie dat ek die pad van hierdie nuwe jaar nie alleen hoef aan te durf nie, maar dat ek seker kan weet dat U elke dag by my sal wees, dat U my sal sal lei en leer en help, en my sal dra wanneer ek nie verder kan loop nie.



Dankie vir elkeen van die beloftes in u Woord, Here ... omdat U my liefhet en vir my sorg, kan ek die nuwe jaar met vertroue tegemoetgaan.

Amen

Voorspoedig nuwe jaar - mag u God se liefde en genade gedurende hierdie jaar in oorvloed ervaar- en ontvang!
(Redaksie)

Taakspan vir

Vroue



2010 Visie:

2010 is op almal se lippe, so ook op dië van die Taakspan vir Vroue, maar net om 'n heel ander rede!

Bo-en-behalwe die bestuur van die kombuis vir gemeente- en ander funksies is die volgende ook op die tafel vir 2010:

- Opgraderingsprojekte.
- Die Byberstudie groep "Vroue wat glo".
- Gemeentevroue se vrywillige maandelikse bydrae van R10 per maand of R100 per jaar.
- Die kopergeldjieprojek ter aansuiwing van fondse.
- Die tot standbring van 'n omgee / uitrek bediening vir dames.

Die Taakspan wil in 2010, met behulp van die gemeente, fondse insamel om die kerksaal se vloer wat tans 'n groot verleentheid is, te vervang. Hierdie projek sal die grootste nog wees wat ons aangepak het en ons vertrou dat ons op almal se samewerking en ondersteuning kan staatmaak.

Indien jy nog nie ingeskakel het by die taakspan vir vroue nie, doen dit gerus, hetsy deur betrokke te raak, of slegs 'n bydrae te lewer – die keuse is joune! Ons vrouens het sommer hope pret en die jaarlikse afslutingsfunksie is 'n belewenis! (Sien artikel in die volgende Rietfluit uitgawe.)

Kontak gerus vir Brenda Barnard by 082 494 7835 of (012)331-0148 indien jy wil inskakel of 'n bydrae lewer. Jy is baie welkom en ons sien uit daarna om jou te ontmoet!

"Saam is ons beter"